**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. 1055/2005**

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

**<u>PETRUS FAT</u>**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | HATTINGH R *et* BLOEM WND R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | BLOEM WND R |
| **GELEWER OP:** | 29 SEPTEMBER 2005 |

---

[1] Die beskuldigde is in die landdroshof te Botshabelo skuldig bevind op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer, gelees met die bepalings van die Wet op Gevaarlike Wapens, 1968 (Wet Nr. 71 van 1968) deurdat hy op 2 Junie 2005 en te Botshabelo vir die klaer met 'n klip gegooi het. Hy is gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf in terme van die bepalings van artikel 276(1)(b) van die

Strafproseswet, 1977 (Wet Nr. 51 van 1977).

[2] Uit die getuienis blyk dit dat, hoewel die klaer dit ontken, was daar 'n stryery tussen hom en die beskuldigde. Die beskuldigde het 'n klip, min of meer die grootte van 'n tennisbal, na die klaer gegooi. As gevolg daarvan het die klaer 'n 4 cm lang besering aan die boonste lid van sy regteroog opgedoen waarvoor hy twee hegsteke benodig het. Daar was ook 'n 2 cm lang besering op sy wang waarvoor hy twee hegsteke benodig het. Daar was nie mediese getuienis voor die landdros geplaas oor die presiese aard, omvang en gevolge van die beserings nie. Die klaer het getuig dat hy na die voorval nie meer kon sien met sy linkeroog nie.

[3] Die beskuldigde was behoorlik skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer.

[4] Ek het die landdros versoek om redes vir vonnis te verstrek. Ek het die landdros verwys na **S v Masha** 1990 (1) SASV 104 (T) en **S v Beukes** 1990 (2) SASV 323 (C). Die landdros se redes is nou beskikbaar. Die landdros steun op die bepalings van artikel 4(1) van die Wet op Gevaarlike Wapens wat, so ver dit die feite van dié saak betref, bepaal dat wanneer iemand bo die ouderdom van 18 jaar skuldig bevind word aan 'n misdryf waarby geweld teenoor 'n ander persoon betrokke is en bewys is dat hy sodanige ander persoon deur gebruikmaking van 'n gevaarlike wapen beseer het, word hy, gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 2

jaar opgelê, met dien verstande dat indien die hof oortuig is dat daar omstandighede is wat die oplegging van 'n ligter straf as dié by die straf wat artikel 4(1) regverdig, hy daardie omstandighede in die notule van die verrigtinge aanteken en dan die persoon wat aldus skuldig bevind word, sodanige ligter straf kan oplê.

[5] Die landdros sê dat hy nie oortuig was dat daar in hierdie geval omstandighede is wat 'n ligter vonnis as 2 jaar gevangenisstraf regverdig nie. Vir daardie siening steun hy op **S v Dladla** 1992 (1) SASV 360 (Tk). In daardie saak was die geskilpunt of die landdros, nadat hy bevind het dat daar nie meer verswarende omstandighede as versagtende omstandighede bestaan het, 'n gedeelte van die opgelegde vonnis in terme van die Wet op Gevaarlike Wapens kon opskort. Daardie saak gaan nie oor of die termyn van gevangenisstraf van pas was aldan nie. Gevolglik was die aard van die beserings opgedoen, hoe daardie beserings opgedoen was en die beskuldigde se persoonlike omstandighede nie bespreek nie.

[6] Dit is korrek dat die beskuldigdes in die **<u>Masha</u>**- en **<u>Beukes</u>**-sake nie ingevolge die bepalings van die Wet op Gevaarlike Wapens aangekla en skuldig bevind was nie. Ek het na daardie sake verwys bloot om 'n aanduiding te gee van die soort vonnisse wat die howe in soortelyke sake opgelê het. Elke saak moet natuurlik op sy eie meriete behandel word.

[7] In die **<u>Masha</u>**-saak het die beskuldigde die klaer met 'n kierie op sy rug geslaan en met 'n vuis op die wang geslaan. Die landdros het die beskuldigde gevonnis tot 'n boete van R800,00 of 12 maande gevangenisstraf plus 'n verdere 2 maande gevangenisstraf wat opgeskort was vir 5 jaar op sekere voorwaardes. Op appèl het die hof bevind dat die vonnis heel onvanpas was en dat dit onnodig was om 'n verdere gevangenisstraf van 2 maande op te lê, al was dit opgeskort. Die vonnis was gevolglik verander en verminder tot 'n boete van R600,00 of 9 maande gevangenisstraf wat geheel opgeskort was op sekere voorwaardes.

[8] In die **<u>Beukes</u>**-saak blyk dit uit die getuienis wat voor die hof geplaas was dat die beskuldigde vir die klaer sonder enige rede

met ‘n mes gesteek het. Die klaer het gevolglik ses steekwonde opgedoen. Die beskuldigde was 22 jaar oud, ‘n eerste oortreder, ongetroud met geen afhanklikes en het ‘n goeie salaris verdien. Die hof het op hersiening bevind dat die gevangenisstraf van 12 maande gevangenisstraf te swaar was. Die vonnis was gevolglik verander en verminder na 12 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande opgeskort was vir 5 jaar op sekere voorwaardes.

[9] In die onderhawige geval is die beskuldigde 21 jaar oud, ‘n eerste oortreder, ongetroud, het geen kinders nie, werkloos, het standerd 2 geslaag en ly aan vigs. In die lig van die aard van die besering aan die klaer se kop en hoe hy die besering opgedoen het, is ek van oordeel dat die opgelegde vonnis van 2 jaar gevangenisstraf heeltemal treffend onvanpas is, omdat dit buite verhouding is met die misdaad, die beskuldigde se persoonlike omstandighede en die belange van die gemeenskap. Uit sy redes vir vonnis is dit duidelik dat die landdros nie al die erkende faktore wat by vonnisoplegging inaggeneem moet word behoorlik teenoor mekaar gebalanseer het nie. As hy dit wel gedoen het, sou hy besef het dat die vonnis van 2 jaar gevangenisstraf in die omstandighede van die saak te swaar is en ‘n gevoel van skok openbaar. Die landdros het die vonnis van 2 jaar gevangenisstraf opgelê bloot omdat die beskuldigde

aangekla was ingevolge die bepalings van artikel 4(1) van die Wet op Gevaarlike Wapens.

[10] Na my mening skep die bogenoemde faktore omstandighede wat die oplegging van 'n ligter straf regverdig. Gevolglik moet daar met die vonnis ingemeng word.

[11] Die skuldigbevinding word bekragtig. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 18 maande gevangenisstraf waarvan 9 maande opgeskort word vir 3 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding met die bedoeling om ernstig te beseer gepleeg gedurende die periode van opskorting nie en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf opgelê word.

**G.H. BLOEM, WND R**

Ek stem saam.

**G.A. HATTINGH, R**

/sp